Die Boerboel - eie aan Suid-Afrika

Bron: Webredakteur
Datum: 9 Maart 2012



Sedert publikasie van *Die Boerboel - eie aan Suid-Afrika* in 2005, het hierdie boek hom as onontbeerlike leesstof vir beide die leek en Boerboelkenner gevestig.

Die Engelse weergawe - *The Boerboel - South Africa's own,* is sedert 2007 beskikbaar.

Hierdie 266-bladsy hardeband glanspublikasie - met etlike illustrasies en kleurfoto's - is 'n leser-vriendelike bekendstelling van die ras aan enige iemand wat dit oorweeg om vir die eerste keer 'n Boerboel aan te skaf, sowel as 'n omvattende naslaanwerk vir elke Boerboelteler en -eienaar.

Die outeur, Anemarí Pretorius, het meer as drie jaar lank aan die navorsing en skryf van die boek gewerk. Haar vertrekpunt was om die meeste vrae wat voornemende en nuwe Boerboeleienaars mag vra, te probeer aanspreek. Die eindproduk het meer as voldoen aan hierdie oogmerk. Baie gesoute telers erken ruiterlik dat hulle 'n ding of twee' uit hierdie publikasie geleer het.

Die boek neem die leser letterlik op die wieg tot die graf' lewenspad van die Boerboel (die afdeling oor die senior fase van die hond en die moontlikheid dat 'n lewenslange maat dalk uitgesit sal moet word, sal geen leser onaangeraak laat nie).

Die inhoud spreek onder meer die volgende aan:

- Die oorsprong van die ras.
- Die geskiedenis van die SABT en toepaslike amptelike dokumentasie.
- Rasstandaardkriteria en die registrasie- en keuringsprosesse.
- Die keuse, voeding en huisvesting van die hond.
- Algemene en gevaarlike hondesiektes en oorerflike toestande.
- Ontwikkelingstadia van die hond.
- Kwessies rakende voortplanting en teling.
- Teelprogramme en-stelsels.

'n Uitstaande kenmerk is dat die outeur uitmuntend daarin geslaag het om haar duidelik oneindige passie vir die Boerboel objektief met goed-nagevorste feite en gesaghebbende dokumentasie te integreer.

Die boek is in samewerking met die SABT gepubliseer. Die vereniging bring graag hulde aan Anemari vir hierdie waardevolle bydrae, sowel as aan haar man, Dicky, vir sy finansiële bydrae wat publikasie moontlik gemaak het.

Die koste van *Die Boerboel - eie aan Suid-Afrika* is:

Kontinent	Prys	Verpakking en pos	Totaal
SA	R100	R50 geregistreerd	R150
	R100	R65 spoedpos	R165
Noord-Amerika	Kontak Hoofkantoor of die Noord-Amerika-kantoor vir ‘n kwotasie		
VK	Kontak Hoofkantoor of die Europa-kantoor vir ‘n kwotasie		
Europa			

SABT Hoofkantoor
E-pos: office@sabt.co.za. Tel: +27 (0)56 212 900. Faks: +27 (0)56 212 9001). Bestellings sal by ontvangs van betalingbetalingsbewys versend word. Laat asseblief 2 - 6 weke toe vir aflewering.

Bank: ABSA
Rekeningnaam: SABT. Rekeningnommer: 4051229811. Tak: Kroonstad. Takkode: 334536
Internet-takkode: 632005. Internasionale deposito’s: Snelkode: ABSA ZA JJ 334536